

# Die Skepping Seisoen

SEPTEMBER 1 TOT OKTOBER 4 - 2021



## TEMA VIR DIE WEEK - MOEDER AARDE

SATERDAG 4 SEPTEMBER (1<sup>STE</sup> VESPERS)

TOT

SATERDAG 11 SEPTEMBER

DEUR DIE ONTVOUING VAN U SKOONHEID,  
VERSCIEDENHEID, KREATIWITEIT EN LEWENSKRAG,  
NOOI U ONS UIT OM BEWUS TE RAAK VAN DIE GEHEIMENIS VAN ONS ÉÉNWEES.

O! MOEDER AARDE!

DEUR U DANS VORM DIE DAG EN NAG DIE KLEURE VAN DIE SEISOENE;  
U IS AL TUISTE WAT ONS HET, DIÉ PLEK WAAR ONS GELIEFD EN VEILIG VOEL.

O! MOEDER AARDE!

U BEMIN DIE EGO'S IN DIE BLOMMEPRAG, DIE VOËLGESANG,  
DIE VERHEWENHEID VAN DIE BERGE, DIE DIEPTE VAN DIE OSEANE,  
DIE WELIGHEID VAN DIE WOUDE, DIE GROEN WEIVELDE -  
DIE DROË DUINE VAN DIE SANDWOESTYNE.

O! MOEDER AARDE!

MET ONTSAG EN EERBIED AANSKOU ONS U MANJIFIEKE SKOONHEID  
EN VERBIND ONS ONSSELF DAARTOE OM DIE REGTE KEUSES TE MAAK  
EN NIE U GOEDHEID TE MISBRUIK

OF UIT TE BUIT NIE, MAAR OM IN KOMMUNIE ÉÉN MET U TE WEES.

ONS LOOF U, HERE, VIR ONS MOEDER, DIE AARDE,  
WAT ONS MET HAAR VRUGTE, KLEURRYKE BLOMME EN KRUIE VOED.

ONS LOOF EN SEËN U, HERE,

EN ONS DANK U EN DIEN U IN ALLE NEDERIGHEID.

ONS SEËN, LOOF EN DANK U DEUR CHRISTUS, ONS HERE. AMEN

*(UIT: LAUDATO SI, PRESENTATION SISTERS UNION & ST. FRANCIS)*



## 1. **WAT SÊ DIE WOORD VAN GOD?**

Voorlesings van die 23<sup>ste</sup> Sondag in Jaarkring B

**1<sup>STE</sup> VOORLESING:** Jesaja 35:4-7a

**BEURTPSALM:** Psalm 146:6-7, 8-9, 9-10

**2<sup>DE</sup> VOORLESING:** Jakobus 2:1-5

**HALLELUJA:** Matteus 4:23

**EVANGELIE:** Markus 7:31-17

## 2. **WAT SÊ LAUDATO SI?**

“Die dringende uitdaging om ons gemeenskaplike tuiste te beskerm sluit ook in dat ons die hele menslike familie daarvan kan oortuig om saam te help soek na duursame en integrale ontwikkeling, want ons weet hoe dinge kan verander.

Die Skepper laat ons nie in die steek nie, Hy gaan nie sy liefdesprojek los of spyt wees dat Hy ons geskep het nie. Die mensdom beskik nog oor die vermoë om saam ons gemeenskaplike tuiste op te bou. Hier wil ek graag erkenning gee aan diegene wat op sovele maniere hard werk om ons almal se tuiste te beskerm en ek wil hulle bedank en aanmoedig om voort te gaan. My spesiale waardering gaan uit na hulle wat onvermoebaar werk om die tragiese gevolge wat die omgewingskrisis op die armstes van die wêreld het, aan te spreek. Jongmense dring aan op verandering. Hulle vra hulself af hoe dit moontlik is om te beweer dat jy vir ‘n beter toekoms werk, sonder om die omgewingskrisis en die lyding van hulle wat verstote is in ag te neem.” (# 13)

Vader, laat ons ag slaan op die nood van ons Moeder Aarde, en van almal met wie ons die planeet deel. Mag die lig van u Gees ons laat sien wat almal se welsyn sal bevorder, en mag ons ook daarvolgens handel. Laat ons bid.

**Selebrant:** Vader, lei ons in u Gees, bewus en dankbaar vir al u goeie gawes. Verleen ons ‘n sin van verantwoordelikheid. Mag hierdie ontmoeting ons krag en voeding gee op die pad vorentoe. Deur Christus, onse Here. Amen.

### **GEBED VIR MOEDER AARDE**

(Ons stel voor dié gebed word elke dag in komende week gebid)

ALMAGTIGE GOD, U IS ORAL AANWESIG;

IN DIE UITGESTREKTHEID VAN DIE HEELAL

EN IN DIE KLEINSTE VAN U SKEPELS.

IN TEERHEID OMHEL S U ALLES WAT BESTAAN.

STORT U LIEFDESKRAG OOK UIT OOR ONS,

SODAT ONS DIE LEWE EN SKOONHEID SAL BESKERM.

VERVUL ONS MET VREDE, SODAT ONS AS BROERS EN SUSTERS

SAAM MAG LEWE EN NIEMAND SKADE AANDOEN NIE.

O GOD VAN DIE ARMES, HELP ONS OM HULLE TE RED

WAT OP HIERDIE AARDE VERSTOTE EN VERGETE IS,

MAAR SO KOSBAAR IS IN U OË.

GENEES ONS, SODAT ONS DIE WÊRELD SAL BESKERM

EN NIE UITBUIT NIE,

SODAT ONS SKOONHEID SAL SAAI

EN NIE BESOEDELING EN VERWOESTING NIE.

O! MOEDER AARDE!

IN U AANSKOU ONS DIE ONPEILBARE GEHEIMENIS VAN DIE SKEPPER:

dat ons hulle sal gebruik om die skade, wat ons deur ons selfsug aangerig het, te kan herstel. Skenk ons vertroue en geloof in u leiding. Laat ons bid.

Vader, ons dank U vir ons planeet, ons gemeenskaplike tuiste. Tog ly sy baie onder die opwarming en die klimaatsveranderinge. Daardeur word miljoene mense dakloos gelaat en diere, plante en blomme word met uitsterwing bedreig. Help ons om die skoonheid van alles wat U geskep het, as 'n teken van u wonderlike liefde te herken. Laat ons bid.

Heer, U roep ons op om ons hart te bekeer tot die skoonheid van u skepping. Maak ons dankbaar, eenvoudig en matig in ons manier van lewe. Help ons om gelukkig te wees deur eenvoudig te lewe. Laat nie toe dat ons ongelukkig voel oor dit wat ons verlang en nie kon kry nie. Laat ons bid.

Jesus, ons is afhanklik van 'n gesonde aarde, ons leef nie net om te oorleef nie. Die eerste mense wat swaarkry en ly is altyd die armes en kwesbares. Maak ons realisties, sodat ons eerlik na ons ons situasie kan kyk. Bevry ons van alles wat ons dink ons nie sonder kan leef nie. Leer ons om 'n eenvoudige lewe te lei. Laat ons bid.

Heer Jesus, verleen ons die wysheid om sorg te dra vir die aarde, gee sagmoedige krag om dit te bewerk. Help ons om nou te handel vir die welsyn van die volgende generasie en vir al die skepsels. Laat ons bid.

“Daar moet ook rekening gehou word met die besoedeling wat afkomstig is van oorskot afvalstowwe, veral ook gevaarlike afvalstowwe wat op talle plekke gevind word. Jaarliks word honderde miljoene ton afvalstowwe geproduseer, waarvan baie nie op natuurlike wyse afgebreek kan word nie: huishoudelike en kommersiële afvalstowwe, gemors van konstruksie en sloopsterreine, kliniese, elektroniese en industriële afvalstowwe, sowel as swaar giftige en radioaktiewe afvalstowwe. Dit wil al hoe meer voorkom asof ons almal se tuiste, die aarde, besig is om in 'n reusagtige afvalhoop te verander. Op soveel plekke van die planeet dink bejaardes nostalgies terug aan hoe mooi die landskap voorheen daar uitgesien het, en nou bedek is met afval. Sowel industriële as chemiese produkte word in ons stede en in die landbou gebruik en dit kan lei tot bio-akkumulاسie in die organismes van die plaaslike bewoners, selfs wanneer die vlakke van giftige elemente laag is. Dikwels word mense eers geneem wanneer die skade aan mense se gesondheid onomkeerbaar geword het.” (# 21)

### 3. OORPEINSING

Die man wat na Jesus gebring is was doofstom, hy kon dus nie hoor of praat nie. Sulke mense is gewoonlik baie eensaam en afgesonderd. Hy het egter vriende gehad wat na hom omgesien het.

In die eerste Skriflesing beloof die profeet Jesaja dat daar riviere sal loop in die droë wêreld en strome water in die woestyn sal uitbars, die verskroeiende aarde sal 'n moeras word en die dorland 'n waterryke wêreld.

Dit versinnebeeld die genesing van die grond. Dié heling van die skepping vind sy vervulling in die werke van Jesus Christus sodat hulle wat godsdienstig blind is sal raaksien dat die skepping God se gawe is wat deur ons bewerk en versorg moet word (Gen. 1:28-30).

In vandag se Evangelie vind ons die vervulling van God se beloftes waarvan ons in die eerste voorlesing gehoor het.

Jesus genees die doofstomme. Hy raak hom met sy vinger aan en sê "Effata" wat "oop" beteken. Onmiddellik het die man se ore oopgegaan en het sy tong losgeraak, en hy kon reg praat. Sy lewe het 'n getuienis geword sodat mense daarvoor verstom was, en gesê het "Alles wat Hy doen, is goed". Die verklaring "Alles wat Hy doen, is goed" kom vir die eerste keer in Genesis 1:31 voor, toe God na alles gekyk het wat Hy gemaak het, en gesien het dat dit goed was. Hier het ons 'n teken dat Jesus Christus besig is om 'n nuwe skepping tot stand te bring.

Op hierdie Sondag gedurende die 'Skepping Seisoen', word ons uitgenooi om Jesus se gebaar ons eie te maak. Hy herstel die skepping tot sy oorspronklike goedheid en ons word gevra om dit ook te doen. Deur die doofstomme te versorg en te genees, nooi Jesus ons uit om sorg te dra vir die skepping wat al so baie deur ons hande gely het. Ons kan ons liefde en waardering wys deur te erken dat die skepping God se spesiale gawe aan ons is.

In paragraaf 64 van *Laudato Si*, vra pous Franciskus vir Christene om na die natuur om te sien. Verder kan ons ophou om ons wêreld te besoedel deur rommel te strooi, en

iets doen deur 'n boom te plant of 'n groentetuin aan te lê of 'n blommetuin te versorg en deur ons krag- en waterverbruik te verminder.

Jesus het 'n nuwe lewe in ons en in ons samelewing geskep. Jesus het *Effata* oor ons lewens uitgespreek. Jesus het 'n nuwe wêreld geskep waarin alles wat Hy gemaak het, goed is. In dié nuwe wêreld sal 'n droë land baie water voortbring, sal die dowes hoor en sal die stommes die goedheid van God verkondig wat in sy skepping openbaar word. Dawid bid in Psalm 19:1, "Die hemele basuin God se heerlijkheid uit, die uitspansel verkondig die werk van sy hande". Kom ons vra Jesus om ons blindheid te genees omdat ons nie na God se skepping omsien nie.

Kom ons vra Jesus om ons doofheid te genees omdat ons nie die noodkreet van die skepping hoor nie. Kom my broers en susters, laat ons die Meester, Jesus Christus, volg. (Vr. Dr. Nhlanhla Mchunu - Parogiepriester van St. Wendelin Parogie (Mariannahill))

#### 4. LAAT ONS BID

### ALGEMENE VOORBEDE VIR DIE 23<sup>ste</sup> SONDAG IN DIE GEWONE TYD

**Selebrant:** Vader, U dra die wêreld en al u skepsels in u hart en hande. Soos kinders bid ons tot U.

Meester, U het ons aangestel as bewakers en versorgers van die Skepping. Ons smeek U om leiding en raad. Ons dank U vir al die gawes wat ons van U gekry het, en ons bid